

Uitgawe 24-44

8 November 2024



Posduif



**Sonsopkoms
Drakensberge**



NUUSBRIEF VAN DIE SINODE VAN KWAZULU-NATAL

Redakteur



Louis Nel

Kontak:

WhatsApp:

082 771 4925



E-pos: kommunikasie@ngkzn.org.za

Sinodale Kantoor

Ontvangs:

Lolla Bestbier

Tel: 033-345 2276/7/8

E-pos: lolla@ngkzn.org.za

Ander kontakbesonderhede:

<http://kzn.ngkerk.net/kontak-ons/>

Webwerf: www.ngkzn.org.za



Lees vorige nuusbriewe:

<http://kzn.ngkerk.net/vorige-posduif-nuusbrief-uitgawes/>

Laaï dokumente af:

<http://kzn.ngkerk.net/inligting-dokumente/>

In Hierdie Uitgawe

- 4 Dagboek**
- 5 Nuus uit die Gemeentes**
- 6 Umhlanga se Belydenisklas**
- 7 Vakature in Meerensee**
- 8 Kersligmark – Meerensee**
- 9 Pongola Hou Basaar**
- 10 Hayfields se Blikkiesfees**
- 11 Jeugrubriek**
- 12 Elke Tree ‘n Storie – Kerkbode 175**
- 13 Sinodes Vat Hande**
- 14 Om te Treur.....**
- 15 Islam – Is die Bybel Gekorrupteer?**
- 16 Nuwe Boeke – CLF**
- 17 Paidon Kinderbediening**
- 18 VCSV**
- 19 Eksamengebed vir my Kind**
- 20 Oordenking – Die Oproer**
- 24 Laaste Woord**

Dagboek

- 10 Nov. **Bevestiging Ds. Tertius Naudé** - Ballito
- 13 Nov. **Moderamen** – NG Gemeente Hayfields
- 19 Nov. **NG Gemeente Utrecht 170 jaar oud**
- 30 Nov. **Kersligmark** – NG Meerensee
- 7 Des. **Kersbasaar** – NG Ballito Gesinskerk
- 7 Des. **Kersmark en Basaar** – NG Merrivale

Klik op gebeurtenis vir skakel

**Alle moderamenlede onthou asb:
Moderamen Vergadering
Woensdag 13 November
9:00 tot 15:00
NG Hayfields**



Nuus uit ons Gemeentes



Ds. Pieter Swanepoel van Greytown Kinderhuis is beroep na Vryheid Suid-oos. Ons bid vir Pieter dat die Heilige Gees hom duidelik leiding sal gee in hierdie besluit.

Ds. George Matthee van NG Meerensee het 'n beroep aanvaar na NG Debruinpark, Ermelo.

Ons bid hom die Here se rykste seën toe op hierdie pad na 'n nuwe gemeente en nuwe, opwindende uitdagings.

NG Meerensee (Richardsbaai) – daar het 'n vakature ontstaan na beide hulle leraars beroep is. 'n Voltyds-onbepaalde termynpos vir 'n leraar/diensleraar is daar beskikbaar (sien meer besonderhede elders).

Dr. Sarel Corrie ontvang Sondag demissie van NG Gemeente Melmoth. Hy verlaat egter nie die ring nie want hy het 'n tydelike aanstelling gekry as leraar in Empangeni gemeente. Ons bid ook vir Sarel ryke seën toe op die nuwe avontuur wat vir hom voorlê!



UMHLANGA • JESUS SE VOETSPORE

17 Jongmense lê belydenis van geloof af



Ons het die afgelope Sondag die voorreg gehad om 17 jongmense te hê wat belydenis van geloof afgelê het!

Geestelike roetemerkers is ontsettend waardevol en ons moet altyd die geleentheid gebruik om hierdie jongmense te laat stilstaan en te laat herdink oor hulle geloof.



Sien al die foto's



NG Meerensee (Richardsbaai): Voltyds-onbepaalde termynpos leraar/diensleraar

'n Nuwe seisoen, 'n VARS bloeisel van genade-groei begin met hierdie pos wat NG Meerensee biddend bekendstel.

Dalk is dit ook jou seisoen!

WAAR IS ONS? Weg van koue vaal winters en stadsverkeer, aan die Noordkus van Zoeloeland. Ons geniet die tropiese natuur tussen see, meer en bos. Wens jy vir meer mooi dae per jaar in die buitelug? Avontuurlustigheid heers hier en die buitelewe is baie toeganklik vir dié wat wil. Pragtige strande en immergroen natuur bied die voorreg om jou kreatiewe denke te laat vloei of net te wees.

WIE IS ONS? Hier is 'n bediening so VARS en lewendig soos ons mense en omgewing. NG Meerensee het 'n vriendelike warm karakter, ingestel om mense welkom en veilig te laat voel.

Ons is opgewonde om te beleef hoe die Here ons wil vorm rondom 2025 se gemeentetema:

“VARS GENADE vir almal”



Meer Besonderhede



Kersligmark

SATERDAG
vanaf 09:00
tot 19:00

30

NOVEMBER
2024

11 Galjoengolf, Meerensee, Richardsbaai

KOS, TEETUIN, STALLETJIES, KINDERHOEKIE
en heeldag musiek & vermaak!

Toegang: Volwassenes: R20
Skool kinders: R10
sluit in komplementêre glasie wyn of sap

Nawrae:

Kerkkantoor: 071 903 3791

Epos: ngkmeerensee@gmail.com



Pongola Hou Basaar



Kyk die Video

Die NG Gemeente van Pongola het Basaar gehou! Dit was presies soos die outydse basaars met kinderspeletjies, skattejag, perdry, glybaan, pannekoek, koeldrank, teetuin, poedingtafel, Yankees slaptjips, kerrie en rys, groente en vrugte.

Dan was daar ook nog skyfskiet, koeke, plante, springkasteel, braaivleis, potjiekos, hoenderbraai en 'n klompie bewerkte beeste en skape wat op die vleistafel beland het en nog vele meer!

Ds. Petrus Botha, leraar in die gemeente het agterna gesê: "Dit was baie warm gewees! Maar ons Basaar wins was 'n volle R859'046.85! Prys die Here!"



Hayfields se Blikkiesfees



Ds. Leon Forsman vertel opgewonde: “Met ons basaar het ons 1334 blikkies kos ingesamel vanuit die gemeenskap en ons het selfs skenkings van so ver as Kaapstad ontvang.

Ons kon oor die laaste weke dit skenk aan Access Church se voedingskema, die CMD Pietermaritzburg asook aan 'n voedingskema in Oribi en aan SAVF. Die waarde van die blikkies is in totaal sowat R30,000!

Die Here het ons bo verwagting met ons Blikkiesfees geseën!



Jeugrubriek



Familie Tuisblad



10 November 2024

1

Begin hier

START

Hoeveel dinge kan julle om julle sien wat rond is? Tel gou!

Vandag se verhaal vertel van 'n vrou wat net twee ronde muntstukke gehad het. Sy het dit vir die tempel gegee en vir Jesus was dit beter as die baie geld van die ander mense. Ander mense het baie geld gegee sodat mense sal dink dat hulle goeie mense is. Maar hierdie vrou was anders.

Het julle geweet dat sy 'n weduwee was? Weduwees is vrouens wie se mans oorlede is. Weduwees in die Bybelse tyd was baie keer baie arm, omdat hulle nie kon werk soos die mans nie. Soos vandag se arm weduwee en haar twee ronde muntstukke. Hierdie vrou het min gehad, maar sy het alles vir God gegee – nie omdat sy goed wou lyk nie, maar omdat sy geweet het dat sy op God kan vertrou om vir haar te sorg.

2

Lees

Markus 12:38-44



3

Gesels



- Hoekom dink julle was die min geld vir Jesus meer werd as die baie geld van die ryk mense?
- Kan jy aan 'n keer dink wat jy God vertrou het? Wat het gebeur?
- In die vorige Skrifgedeelte is Jesus kwaad vir die Skrifgeleerdes en Fariseërs omdat hulle nie vir die weduwees sorg nie. Vir wie dink jy moet ons sorg en hoe kan ons dit doen?

4

Bid



Here, dankie dat U alles op aarde aan ons sorg toevertrou. Help ons om mooi en verantwoordelik te werk met alles wat U aan ons toevertrou. Groei geloof in ons sodat ons, soos die weduwee, volkome op U kan vertrou. Amen

5

Doen



Speel 'n vertrouwe speletjie en gesels dan oor wat dit beteken om God te vertrou.

Hier is 'n hele paar idees by:
<https://parenting.firstcry.com/articles/10-fun-trust-building-activities-for-kids>

Elke tree 'n storie: Kerkbode word 175 jaar oud



Wat lesers in die NG Kerk van vandag as Kerkbode ken, is 175 jaar gelede gestig deur 'n energieke man wat op Stellenbosch gebore is in 'n tydperk toe daardie dorp nog net 13 strate gehad het.

Dit was uiteraard 'n ander wêreld met 'n geheel ander kennislandskap – vars nuus was skaars én kosbaar. Maar Abraham Faure, die kerkjoernalistieke pionier, wou nie net 'n stuk neutrale nuustegnologie in die kerk se midde neerlê nie. Hy wou walgooi teen die liberalisme en sy termyn lei die eerste van ses “fases” in waarna daar soms verwys word wanneer daar bolangs oor die geskiedenis van Kerkbode gepraat word.



Kyk ook na die video
hier links.



Lees Volledige Berig

Sinodes vat hande

Met dank aan Verskil – nuusbrieff van Noordelike Sinode

Die Algemene Sinode bestaan uit tien deelnemende sinodes: Noordelike Sinode, Oostelike Sinode, Hoëveld, Goudland, Vrystaat, Natal, Namibië, Noord-Kaapland, Oos-Kaapland en Wes-Kaapland. Vyf afgevaardigdes van elk van hierdie sinodes vergader twee maal per jaar en staan bekend as die Algemene Sinodale Moderamen (ASM).



By die onlangse vergadering in Benoni van 29-31 Oktober is daar oor verskeie sake saam besin. Dit sluit in Roetemerkers en Art. 32 van die Kerkorde. Daar is ook geluister na die Algemene Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, Eerwaarde Mzwandile Molo.

Op die foto hieronder verskyn hy saam met die Dagbestuur van die ASM: Nioma Venter (Algemene Sekretaris), Jan Lubbe (Voorsitter), Maartjé van der Westhuizen (Onder-Voorsitter) en Dewyk Ungerer (Aktuarius). Die vergadering is afgesluit met nagmaal.



Om te treur kan ons help om gesond te word

Met dank aan VrydagNuus



“Almal van ons treur een of ander tyd,” skryf Braam Hanekom. “Meestal oor ’n persoonlike verlies. Die aard en omvang daarvan kan baie verskil. Om te treur, is nooit lekker nie, maar nie net sleg nie. Iemand het op ’n keer gesê dat trane ’n reënboog in die siel kan skep.

Die Bybel praat ook dikwels oor ’n ander vorm van treur. Dit is wanneer ons smart ervaar oor ’n situasie om ons. Nehemia en ander profete het dikwels getreur oor die situasie waarin die volk hulle bevind het. Jesus het oor Jerusalem getreur. Die Psalmdigters het dikwels getreur. Nadenke oor rou, verlies en gebrokenheid is baie eie aan Bybelse tradisies. Hoe vreemd dit ook al mag klink, daar is iets gesonds aan ’n treurende, reflekterende bekommernis oor die stukkende wêreld om ons. Die skepping om ons sug immers self ook (Romeine 8).”



Lees Verder...



ISLAM



Waarom Moslemleiers leer dat die Bybel gekorrupteer is

shutterstock.com • 65263975

Mohammed het beweer dat hy 'n profeet van dieselfde God as die Christene en die Jode is. Om hierdie bewering te staaf, het hy hom op twee maniere op die Bybel beroep. Eerstens het hy gesê dat Jode en Christene kan weet dat hy 'n ware profeet is, omdat die Koran die leer van die Bybel bevestig: “O julle mense van die Boek! Glo in wat Ons geopenbaar het [die Koran], en bevestig wat met jou is [die Bybel]” (Koran 4:47).

Moslems hou graag die Koran voor as God se finale openbaring. Daar is dan volgens hulle drie testamente, naamlik die Ou Testament, die Nuwe Testament en die Koran (as die derde en finale testament). Die probleem is egter onder andere dat die Koran nie die leer van die Bybel bevestig nie, selfs nie eers in die mees algemene sin van die woord nie.

***Met dank aan Vrypos – nuusbrief van die Vrystaat
Sinode***



Lees verder...


BINNEKORT

OP DIE RAK BY

NOVEMBER 2024



CLF PUBLISHERS
UITGEWERS



In 'Woestynwysheid' neem Ronell Bezuidenhout lesers op 'n reis deur die woestyn, waar die woestynvaders en -moeders, sowel as ander mistici, as gespreksgenote dien. Sy deel insigte wat sy by askete soos Antonius die Grote, Benediktus, Julian van Norwich, Sinkletika en Thomas Merton opgedoen het.

Deur hierdie geselskap ondersoek sy die waarde van eenvoud, stilte, afsondering, stroping en die vind van rus te midde van 'n haastige en besige wêreld. Ronell put uit haar eie ervaring as leraar, pastorale terapeut en retraiteleier en nooi lesers uit om op 'n diepgaande en uitdagende manier terug te keer na die kern van hul geloof. Die boek bevat haar persoonlike joernaalinskrywings waarin sy haar gedagtes en worsteling deel, sowel as geloofsgewoontes wat op praktiese maniere in die alledaagse lewe toegepas kan word.

Binnekort in alle CLF Boekwinkels en op CLF se aanlynwinkel beskikbaar.



PAIDION KINDERBEDIENING



Sedert 1996



KINDERKERK-/ KATEGES-/ SONDAGSKOOLMATERIAAL

Bybelgetroue materiaal vir elke ontwikkelingsfase:

Peuters (2-3 jr), Kleuters (4-5 jr of 2 jr voor laerskool), Juniors (gr 1-3) & Seniors (gr 4-6)



- Nie boeke nie. Los E-blaaie
- Baie bekostigbaar
- Dieselfde prys as in 2022
- Geen versendingskoste
- Onmiddellik beskikbaar
- Vinnige bestelprosedure
- Nuwe voorblaaie, inhoud presies dieselfde
- Teologies & opvoedkundig verantwoordbaar



Skandeer QR-kode om
aanlyn te bestel

EENJARIGE KORRESPON- DENSIEKURSUS



WERKSWINKELS & KONSULTASIES

Vir persone wat kinders bedien en opvoed
of sommer net vir kinders liefhet

**Geen eksamens nie
Net take en prakties**

Werkswinkels oor die kind en
kinderbediening aan gemeentes en skole en
kinderbedieningskonsultasie aan gemeentes
word deur Dr Leon van Zyl gebied.

- Baie bekostigbaar
- Dieselfde prys as in 2022
- Afslag vir vroeë en groepinskrywings
- Bybelgefundeerd
- Praktykgerig
- Professioneel



Skandeer QR-kode
om aanlyn in te skryf

Navrae, bestellings & inskrywings:

082 574 0708

paidion@paidionweb.co.za

www.paidionweb.co.za





Jip - Ons lyk anders!

Kyk uit vir ons opgegradeerde kampterreine met aktiwiteite regoor die land.

Maak seker jou skool/ kerk/ organisasie is by ons geaffilieer vir 2025.

Deel in ons kreatiewe bedieningsmetodologie teen bekostigbare tariewe. Wees deel van ons kampe, skoolbesoeke, aanlyn inisiatiewe, diensjaar vir Christus en vele meer!

Die Verenigende Christen- Studentevereniging van SA

Interkerklike programme vir oud en jonk

**Extreme
LIFE**

Programme by
skole &
kampterreine



TRANSFORMING LIVES
VERANDER LEWENS

Kontak
ons

Kayla
021 877 0212
info@vcsv.co.za

Eksamengebed vir my kind

4 gebede om te bid



Deur Francine Prins

Lees die artikel
in LiG tydskrif



Wanneer jou kinders eksamen skryf, is jy dalk die een wat die meeste stres. Ons kan ons kinders help leer en die regte omgewing skep om te leer.

Maar ons grootste taak is om vir hulle te bid. Hier is 4 kort gebede wat jy as 'n eksamengebed vir jou kind kan gebruik.

Eksamengebed vir my kinders as hulle gespanne is

Here, U weet hoe angstig my kind kan raak wanneer hy of sy eksamen of toetse skryf. U ken my kinders deur en deur. U ken hulle vrese en hulle hoop.

Ek bid dat Jesus se vrede oor hulle gedagtes en hulle harte die wag sal hou. Dat hy of sy 'n rustigheid en kalmte sal ervaar, omdat hulle weet dat U met hulle is.

Help my kinders om hard te werk aan hulle voorbereiding en dan te rus in die feit dat hulle hul deel gedoen het. My eksamengebed vir my dogter en seun is dat hulle harde werk sal vrugte afwerp wanneer hulle hul eksamen aflê.

Amen.



Oordenking

Die Oproer

Handelinge 17:1-9

You  Kyk Oordenking op Youtube

Die arme Paulus moes seker dikwels uiters gefrustreerd gevoel het as hy so keer op keer verhinder word om sy werk te doen. Ek vat van myself, hoe gefrustreerd ek soms voel. My ou rekenaar wil nie altyd lekker saamwerk nie. Ek moes maar tevrede wees met die héél goedkoopste, stadige tweedehandse model want beter kan ek nie bekostig nie. My grootste frustrasie is egter ons internetverbinding wat dikwels pynlik stadig of selfs skoonveld weg is! Hiermee moet ek elke dag die dagstukkies skryf en aan duisende mense stuur en boonop die gemeente en sinode se kommunikasie ook behartig. Dit kan soms bitter frustrerend wees! Gelukkig kan ek darem soms die gemeente se rekenaar gebruik.

Paulus, Silas en Timoteus het afskeid geneem van hulle dierbare vriende in Filippi. Al was hulle geslaan en in die tronk in blokke vasgeketting, hou hulle tóg mooi herinneringe oor van hierdie stad se gelowiges. Hulle volgende bestemming is Tessalonika, die hoofstad van Masedonië.

Paulus volg sy gewone roetine en begin op die Sabbat in die sinagoge te preek vir die Jode. So hou hy vir drie weke aan. Hy bewys vir hulle uit die Ou Testament dat Jesus die Christus, die Messias is. Paulus was 'n uitmuntende prediker en etlike Jode kom tot inkeer deur sy preke. Die grootste oes het gekom uit die geledere van die "Godvresendes," Grieke wat die Joodse geloof aangeneem het.

En dis juis ook hiér waar die probleme begin het want die Joodse godsdiensteleiers was jaloers op Paulus se groot sukses as prediker.

Dis tóg interessant dat Lukas praat van 'n groot aantal vooraanstaande vroue wat ook die Christelike geloof aangeneem het. In die antieke wêreld het vroue slegs 'n baie ondergeskikte rol gespeel, veral in die Joodse gemeenskap. Hulle was nie eers toegelaat om die wet van Moses saam met die mans te bestudeer nie! In die Grieks-Romeinse wêreld was dit egter anders en vroue het op godsdienstvlak heelwat meer regte gehad. Daar is selfs gevalle bekend waar vroue leidende posisies in sinagoges gehad het in Klein-Asië. Dit was waarskynlik welgestelde vroue wat hierdie sinagoges geldelik gedra het en dan in ruil daarvoor die een of ander ereposisie gekry het. Dis sulke "vroue met invloed" waarvan Lukas hier skryf, wat ook gelowig geword het.

Die Joodse leiers het hulle mes ingehand vir Paulus en sy metgeselle en sommer gou-gou het hulle met die hulp van 'n klomp leeglêers 'n betoginkie gereël. Ek is séker daarvan dat die manne elkeen 'n paar munte in die hand gestop was om groot lawaai te maak!

Op hierdie lawaaierige noot trek hulle op na die huis van 'n man met die naam Jason, die Griekse weergawe van Josua. Paulus-hulle het by hom tuisgegaan, maar toe die klomp daar aankom was die Paulus-geselskap elders. Toe gryp hulle maar vir Jason en sleep hóm na die stadsbestuur toe. Normaalweg het Romeinse stede twee magistrade gehad wat die stad bestuur het. Tessalonika was egter anders - hierdie stad het nie minder nie as vyf of ses munisipale hoofde gehad.

Oos dit al by soveel vorige geleenthede gebeur het, het die Jode weereens 'n klomp misleidende aantygings gemaak om die Gelowiges in 'n slegte lig te probeer stel. Hulle eerste klag was dat hierdie mense die hele wêreld in beroering sou bring! Hoe ironies! Hier kom die klomp met 'n betoging en hulle beskuldig vir Paulus-hulle van oproer

Hulle tweede klag het 'n sterk politieke kleur: Paulus en sy geselskap handel in stryd met die keiser se wette deur te sê dat daar 'n ander koning is, een met die Naam Jesus! Die Christene word skielik hier voorgehou as 'n rewolusionêre politieke groep wat die goeie orde van die Romeinse Ryk bedreig! Dit impliseer natuurlik dat Christene gladnie lojaal sou wees aan wêreldse owerhede nie. Natuurlik is hierdie 'n totale verdraaiing van die hele wese van die Christelike geloof!

Jason moes mooi verduidelik en nadat die stadsbestuur hom aangehoor het, gooi hulle die saak uit die hof. Die gelowiges was totaal onskuldig aan hierdie misleidende aanklagte!

Wat behoort ons standpunt te wees wanneer dit by hierdie soort dinge kom? Om in die eerste plek 'n "beroering" te veroorsaak wanneer dinge nie loop soos wat ons dit graag wil hê nie, is beslis nie die antwoord nie. Dit werk net eenvoudig nie! Nét so min werk dit om 'n regering te verwerp omdat hy nie Christelike beginsels navolg nie. Jesus het sêlf gesê: "Gee aan die keiser wat die keiser toekom.....!" Dit het Hy terloops gesê van 'n totaal goddelose Romeinse regering! Wees lojaal aan die regering van die land, al stem jy nie saam met sy beleid nie. Daar is gewoonlik 'n wettige manier om selfs wette wat jou verhoor om jou geloof ten volle uit te leef, te omseil. Maar as die wet die dag loodreg teenoor jou geloof staan en jy 'n keuse moet maak tussen die landswet en God, dan durf géén gelowige 'n ander uitweg kies as om vir God te kies nie.

Daniël en sy vriende moes destyds so 'n keuse maak en hulle het die onverskrokke voorbeeld gestel van hoe dit gedoen behoort te word. Duisende Christene het later in hulle voetspore gevolg en baie het met hulle lewens geboet. Één ding kon die bese egter nóg van hulle wegneem nie: die wonderlike ewige lewe saam met God in die hemel!

Gebed:

Here, hou my asseblief altyd gehoorsaam aan U alleen, al dreig die vyand my!

Laaste Woord

In die land Moab oos van
die Jordaan het Moses toe
die wil van die Here vir Israel
verduidelik.

DEUT 1:5

*Maak U Wil ook deur die
Heilige Gees en U Skrif
vandag aan my bekend.*

Amen



Vrydag 8 November 2024

Prof. Barry Tolmay

@Krantzkloof Gemeente